Tema: Om te doen wat God vir jou sê, dit is ware godsdiens!

Gebed

Sing Ps. 33 – 2: 1,3

Geloofsbelydenis: NGB art 24

Wet uit 1 Joh. 3:11 – 24

Sing: Lied 530:1,2,3

Gebed

Skriflesing: Jakobus 1: 19 – 27
Teks: 22

Woordbediening

Gebed

Sing: Sb 14 – 1: 2,3

Uitreik na Buite: Ondersteuning van mediese personeel

Gebed van ds. Daan Bakker

Sing: Lied 334: 1,2,3,4

Gebed om seën.

Geliefde brs en srs

Verlede Sondag het ons uit Psalm 24 gehoor dat God die enigste ware Lewensafrigter is en dat ons leergierige volgelinge moet wees wat vra: leer my Here, wys vir my die regte pad, maak aan my U wil bekend. Ons het ook gehoor dat God ons nooit teleur sal stel nie en dat Hy ons sy wil bekend wil maak! Dat ons nie na ander stemme moet luister nie maar in God se meestersklas moet sit om by Hom te leer!

Die vraag is nou: wat doen ek en jy met dit wat ons by God hoor! Wat maak ons met dit wat Hy ons leer en aan ons bekend maak? Is ons net goeie studente wat baie graag wil luister na wat God sê en alles baie mooi hoor? Of doen ons ook wat God vir ons sê? Beweeg ons ook uit die klaskamer na die werklike wêreld om prakties daar te gaan beoefen en te doen wat God ons leer? Is ons net baie gesteld op die erediens en die prediking en op die feit dat ons elke dag God se Woord moet hoor? Is ons ook net sulke ywerige doeners van God se Woord?

Die Here sê vanmore vir ons deur Jakobus: as jy baie graag wil hoor maar jy doen nie wat God vir jou sê nie, is jy besig met valse godsdiens. Dan is ek en jy godsdiensbedrieërs. Dan is ons soos die Fariseërs in Jesus se tyd wat baie graag wou leer maar nooit gedoen het nie! Dan mag ons dalk dink dat ons besig is om baie goed te doen en dat ons die Here gelukkig maak omdat ons so graag erediens wil hou, ons Bybel wil lees en Bybelstudie doen, maar ons gaan doen nie regtig wat God ons leer nie!

En daarom hierdie boodskap vandag: Om te doen wat God vir jou sê, dit is ware godsdiens!

Om te doen wat God sê! Om toe te pas wat God my leer! Om die pad te loop wat God my aanwys – al lyk dit hoe moeilik! Wanneer die Here sê: maak so – dan doen ek dit! Om dit wat God in sy Woord aan my bekend maak, elke dag prakties te gebruik! Om daagliks te keuse uit te oefen tussen reg en verkeerd! En dan die regte ding te doen!

Is daar byvoorbeeld ŉ goeie konneksie tussen my oor en my mond, vra Jakobus! Dat ek gewillig is om te luister en nie te gou te praat nie! En wanneer ek praat dat ek my woorde tel en reg gebruik sodat ek nie my tong vrye teuels gee om verwoesting te saai soos Jakobus in hoofstuk 3 verduidelik nie!

ŉ Ander voorbeeld: dat ek my sommer vir enige iets wat mense sê of doen opruk en kwaad word en terugkap! Dat ek my selfbeheersing so maklik verloor omdat ek meer na myself na my eie wil en behoeftes luister as om die minste te wees – soos die voorbeeld wat Christus aan my gestel het!

Jakobus verwys ook na ons sedelike en etiese lewe. Dat ons regtig skoon en rein lewe en nie dink dat ek God se wil en die dinge van die wêreld saam kan laat leef nie! Dat ek die dinge van die wêreld wat my gedagtes en my dade besmet, dat ek dit soos onkruid uit die tuin van my lewe haal en nie toelaat dat dit daar aan groei en die vrugte wat God wil hê ek

moet dra, belemmer nie! Maak ons regtig die tuin van ons lewe skoon of laat ons die onkruid maar groei?

Hoorders of doeners?

Brs en srs, ons Here Jesus het mense wat net graag wil hoor wat Hy vir hulle sê maar dit nie gaan doen nie, baie ernstig en hard bestraf! In Lukas 13 vertel Hy: "[25]"As die eienaar van die huis eers opgestaan en die deur toegesluit het, sal julle buite staan en aan die deur begin klop en roep: 'Here, maak vir ons oop!' Maar Hy sal julle antwoord: 'Ek weet nie waar julle vandaan kom nie.' [26]Dan sal julle sê: 'Ons het saam met U geëet en gedrink, en op ons strate het U die mense geleer.' [27]Maar Hy sal weer vir julle sê: 'Ek weet nie waar julle vandaan kom nie. Niemand van julle het gedoen wat reg is nie. Maak dat julle van My af wegkom!' "!

In Matteus 7 sê Jesus dat mense wat net hoor en nie doen wat Hy hulle beveel nie, is soos mense wat hulle huis op sand bou! As die storm kom dan spoel daardie geloofshuis weg! Sulke geloof is waardeloos sê Jakobus.

In Matteus 21 vertel Jesus nog 'n gelykenis oor sulke geloofsbedrieërs. Luister hierna:
[28]"Wat sê julle hiervan? Daar was 'n man met twee seuns. Hy het vir die een gaan sê: 'Seun, gaan werk vandag in die wingerd.' [29]'Ek wil nie!' antwoord hy, maar later het hy spyt gekry en tog gegaan. [30]Die man het toe na die ander seun toe gegaan en vir hom dieselfde gesê. Hy het geantwoord: 'Goed, Pa,' maar hy het nie gegaan nie. [31]Wie van die twee het gedoen wat hulle pa wou hê?" Hulle sê: "Die eerste."
Toe sê Jesus vir hulle: "Dit verseker Ek julle: Tollenaars en prostitute gaan eerder as julle in die koninkryk van God in. [32]Johannes het gekom om julle die regte pad te wys, en julle het hom nie geglo nie, maar tollenaars en prostitute het hom geglo. Maar selfs toe julle dit sien, het julle nie agterna berou gekry en hom geglo nie."

'n Laaste voorbeeld: wanneer Jesus in Matteus 25 praat oor sy Wederkoms en hoe Hy skeiding sal maak tussen mense, dan maak Hy dit baie duidelik:
[31]"Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. [32]Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei. [33]Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan.

[34]"Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, [35]want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; [36]Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.' [37]Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? [38]En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? [39]Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?' [40]En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit

verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'
[41]"Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: 'Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is, ..." Want hulle het nie gedoen wat Jesus hulle geleer het nie! Hulle wat net hoorders en nie doeners nie?

Brs en srs, in watter van die twee groepe sal ek en jy wees? Dit is waarom die Here ons vanmore deur Jakobus ook dringend oproep! Moenie net goeie luisteraars en goeie studente in die klas wees nie! Moenie wees soos iemand wat in die spieël kyk en sommer gou vergeet wat jy gesien nie! Met ander woorde: moenie vergeet om te doen wat jy gehoor het nie Dit is die punt van die vergelyking! As jy in die spieël gekyk het, onthou wat jy gesien het!

Wanneer jy in die klaskamer was en mooi gehoor het wat God jou leer, moet dit nie vergeet nie, maar gaan doen dit! Gaan leef daarvolgens! Anders is jou geloof net so ongeloofwaardig of vals soos iemand wat homself in die spieël sien en dan vergeet wat hy gesien het! Wie kyk so in ʼn spieël? Hoekom kyk jy in spieël as jy nie gaan onthou wat jy gesien het nie? Dis mos dom en dwaas! Jy kyk mos in die spieël om te sien of alles reg is! Of jou gesig skoon is en jou hare reg gekam is! En as jy sien iets is verkeerd, dan maak dit reg en skoon!

Hier kan ons manne iets by die vroue leer! Kom ek vra vir die seuns by die huis: manne, kyk julle in die oggend lank in die spieël wanneer julle regmaak vir die dag? Soos ek seuns ken, gee jy net een kyk, kam jou hare, borsel jou tande en weg is jy! Maar die meisies.....hulle kan ure in die badkamer deurbring! En ons manne kan so gefrustreerd raak as jou vrou nie kan klaarkry voor die spieël sodat jy kan ry nie! Manne, seuns, miskien moet ons iets leer by die vroue in ons lewe: miskien moet ons maar bietjie mooier en langer in die spieël kyk en seker maak dat ons reg is!

Hoor wat sê Jakobus: "Maar iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet", met ander woorde: iemand wat goed en lank kyk in die spieël – die spieël hier as metafoor vir die Woord van die Here - en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen! Ja, dat ons goed luister en mooi hoor: maar ook gaan doen wat ons hoor! Dat ons nie ons gesig vergeet nie – dat ons nie sommer gou vergeet wat die Here gesê het dan maar net weer ons eie lewe gaan leef nie!

Het julle mooi gehoor hoe Jakobus die Woord beskryf: "die volmaakte wet wat ʼn mens vry maak!" Wat bedoel hy hiermee? Die volmaakte wet wat ons vry maak is Jesus Christus se verlossingwerk! Wanneer ek die Woord van God goed hoor dan hoor ek van die wet wat my sonde vir my wys! Die "spieël" wat wys hoe vuil my lewe van die sonde is! Maar gelukkig hoor ek nog meer: ek hoor van Christus wat die wet volkome nagekom het en vir al my sonde betaal het, sodat ek nou in staat kan wees om self ook volgens die wet te lewe!

Ja, ek hoor van genade vir ʼn sondaarmens soos ek!

ʼn Mens vuil van die sonde, maar ʼn mens wat Jesus Christus met sy bloed skoongewas is en vrygemaak is van die sonde sodat ek nou uit dankbaarheid die wil van God kan en wil doen! Vrygemaak om te kan doen!!!

Wanneer ons dus daders van die Woord word, wanneer ons iets doen wat God ons beveel, dan doen is dit uit dankbaarheid omdat ons gered is – omdat Jesus ons vrygemaak het van die sonde sodat ons nou die wll van God kan ken en daarvolgens kan leef!

Ons is vrygemaak om daders van die Woord te wees! Om nie net te hoor nie – maar te doen wat God vir ons sê! Christus het ons vrygemaak deur ons met die Heilige Gees toe te rus sodat ons nou in staat gestel word om nie net te sit en luister en gou te vergeet nie, maar met die krag van die Heilige Gees en met al die gawes wat Hy my gee en met die vrug van geloof wat Hy in my bewerk, ʼn doener te wees! Om God gehoorsaam te wees en te doen wat Hy vir my sê!

En wat sê Hy vir my: wat is ware godsdiens? Die woord vir “godsdiens” wat Jakobus in vers 27 gebruik verwys na die uiterlike beoefening van godsdienstige voorskrifte: soos om erediens te hou en God hier te kom aanbid! Soos om tuis self jou Bybel te lees en te bid of as gesin saam huisgodsdiens te hou! Wanneer is hierdie godsdiens eg en suiwer en reg? Net as ek gaan doen wat God sê: as ek my geloof prakties gaan uitleef!

Wanneer ek die liefde wat God aan my bewys het, ook aan ander bewys! Ons het dit mos so pas in die wetlesing uit 1 Johannes 3 gehoor! Onthou julle nog? “ [16]Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê. [17]Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie — hoe kan die liefde van God in hom wees?

So verwys Jakobus na ware godsdiens wanneer jy regtig omgee vir mense wat swaar kry en iets doen om hulle te help! Wanneer jy regtig die onkruid van sonde uit jou tuin haal en sorg dat jy vrugte vir die Here dra! Dan is jou godsdiens eg en waardevol! Wanneer jy doen wat God sê! Dan bou jy jou huis op die rots en die golwe van die wêreld sal dit nie platslaan nie!

Dan bewys jy die liefde van Christus wanneer jy dit aan die geringstes van hierdie wêreld liefde gee! En nie net vroom in die erediens sit, maar in die week van God vergeet nie!

Geliefde brs en srs, as ons “kerkwees” so verstaan dat ons net Sondae moet kom hoor en nie in ons persoonlike lewe en in die wêreld gaan doen wat God vir ons sê nie, dan is ons godsdiens vals.

Ja, en om hierdie rede moet ons ook anders dink oor “kerkwees” midde die beperkinge van die pandemie! Ons moet nie net kla en kerm omdat ons nie eredienste kan hou nie! Nee, die Here sê vanmore vir ons: ons kan juis nou midde die Pandemie en midde die beperking van “geen erediens”, steeds ware godsdiens beoefen! Deur nou die geleentheid te gebruik om

te doen wat God vir ons sê. Natuurlik sê Jakobus nie dat die erediens onbelangrik is nie! Hy maak ŉ ander punt!

Geliefdes, wanneer ons kan verstaan dat deur te doen wat God vir ons sê en nie net te kom hoor nie, dat ons dan ware godsdiens beoefen, dan verstaan ons hierdie teks reg! Ons moet juis nou die volmaakte wet van die liefde beoefen: juis nou wanneer daar as gevolg van hierdie pandemie soveel swaarkry en ellende rondom ons is, dat ons NOU nie net hoor wat God sê nie maar Sy sy liefde aan mekaar en aan die wêreld in nood te bedien! Daar is soveel nood en druk! Daar is werklose mense wat swaar kry! Daar is mense wat siek is en baie ly! Daar is mense wat in hierdie tyd gesondheidsdienste moet lewer ten koste van hulle eie lewe! Daar is oorvol hospitale en oorwerkte mediese personeel! Daar is meer en meer honger mense op straat! Ons infrastruktuur en hulpbronne is onder geweldige druk en val uit mekaar!

Brs en srs, lees ons net maar hiervan in die koerant en op sosiale media en gaan aan met ons lewe? Solank ons tog maar net versorg is en gesond is? Of hoor ons wat die Here sê: Ware godsdiens is om weeskinders en weduwees te help! Die wêreld rondom ons roep om ware godsdiens te beoefen.

Geliefdes, ons moenie onsself bedrieg nie, waarsku Jakobus! Ons kon dalk gedink het om net te kan hoor is goed – die Here sal tevrede wees as ons net erediens kan hou en mooi alles hoor wat Hy vir ons sê! Nee, Hy is nie! Ware godsdiens is om in die strate te wees en te doen wat God sê! Om sy liefde – waarvan ek en jy soveel ontvang – om dit te gaan uitdeel.

Amen